

# St. Gregorius die Grote

## 3 September

(540-604)

Hy was van nature lief vir die stilte en ’n lewe van afsondering, gewy aan gebed. Hy het egter ook oor merkwaardige talente beskik en was ’n uiters bekwame prefek van die stad Rome. Toe hy uiteindelik die kans kry om by ’n klooster in te tree, duur dit nie lank nie, of hy word as pouslike gesant na Konstantinopel gestuur en belas met allerhande kerklike sake. In 590 word hy teen sy wil uitgeroep tot pous. Gehoorsaam gee hy sy beste en word een van die groot hervormers van die Kerk. Selfs as gerekende Kerkman het hy altyd na homself verwys as die nederige dienaar van God.

© Die Oratorium Uitgewery